BEROEPENUUS—met druk geen nuwe nuus ontvang nie
Beroepe ontvang-
Ds. WJ Botha van Bloemfontein-Noord na Walvisbaai/Swakopmund/Hentiesbaai
Prop MH le Roux na Newcastle
Prop ID de V Potgieter na Rietvallei as medeleraar
Ds. LJE Venter van Hoedspruit na Kimberley
Beroepe bedank
Ds. J.C. van Dyk van Ventersdorp na Rustenburg-Wes as medeleraar

Calvyn en die Christelike feesdae – Ds. C Kleijn– *vervolg van verlede week*

...Calvyn se gematigheid-vervolg

Sewe maande later, in 'n tweede brief aan daardie predikante, noem Calvyn die feesdae 'n klein dwaasheid wat hulle eerder moet verdra as om daarvoor hul pos te verlaat. Solank hulle net nie die dae goedkeur nie en hulle die vryheid behou om die bygelowigheid wat daaruit voortkom te berispe, wat hulle dan ook met ywer moet doen. Dit betref veral drie belangrike sake: dat so die een dag van die ander onderskei word; dat daar 'n diens van God in die onderhouding van die feesdae gestel word; en dat sekere dae nie net tot eer van God waargeneem word nie, maar ook tot eer van mense. Ongeveer in dieselfde tyd het Calvyn aan die Raad van Genève voorgestel om op die vier feesdae slegs in die oggend 'n kerkdiens te hou, sodat elkeen daarna vry sou wees om te rus of te gaan werk. Calvyn wou die skyn wegneem asof daardie dae instellinge van God sou wees. Die Raad het sy voorstel aangeneem. Die verskil in waarneming van die feesdae het egter tot burgertwiste en selfs tot vegpartye gelei. In November 1550 het Calvyn die Raad gevra om iets daarteen te bedink. Tot Calvyn se verbasing besluit die Raad op 16 November om alle feesdae af te skaf. Die enigste dag wat gevier sou word deur te rus van die arbeid was die Sondag. Die feesdag wat aan die geboorte van Christus gewy was is na die eersvolgende Sondag verskuif.

Calvyn skryf aan Haller te Bern dat hierdie besluit tot afskaffing van die feesdae nie op sy inisiatief en buite sy medewete geneem is. Indien dit aan hom voorgelê sou gewees het, sou hy nie daarmee ingestem het nie, hoewel hy op sigself geen beswaar teen die besluit het nie. Calvyn het steeds gepleit vir 'n middeweg, naamlik om die Kersfees op 25 Desember te vier en op die ander drie feesdae buitengewone bidstonde te hou, terwyl die werkplekke soggens gesluit sou wees. Na die middagete sou elkeen weer na sy werk en na sy sake gaan. *Word vervolg*

26/02– Johanna Koen 0844027047	28/02– Sanet Kilian 0825507061
26/02– Karien Raath 0833047008	28/02– Marius van Rooyen 0828850075
26/02– Elsa Tredoux 0722309153	01/03– Margaretha Coetzee 0826559498
27/02– Ethel Foster 0813669304	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

Die waarde van die koelte is in die warm son rondom hom – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

23 Februarie 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
(Nagmaal)
Skriflesing: Jeremia 2:10-13; Johannes 7:37-39
Teks: Jeremia 2:13; Johannes 7:37b-38
Sing: Ps.98:2,3; Ps. 25:3,6; Ps. 119:23; Ps. 23:3; Ps. 116... Ps. 42:1,5

DIEP BEDDING VAT MEER WATER

Onthou daar moet diepte wees, ook in ons Nagmaalviering want dit is die diep bedding wat baie water vat. Sonder diepte is die water vlak, ja water raak weg as daar nie lewe en daar nie diepte is nie.

Dit alles is die water wat van God kom. Lewend en diep.

KATKISASIE– Geen katkisasie vandag Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS–
(Nabetragting en bevestiging van diakens)
Skriflesing: Jesaja 55
Sing: Ps. 37:2,16; Ps. 19:6; Ps. 84:6; Ps. 134:4

GOD SE GENADE STREK BAIE VER

Ons kan vir mekaar by die nabetragting sê God se genade strek werklik baie vêr! God se genade is vir hulle wat in die amp van diaken bevestig gaan word, genadebewys op genadebewys...

Dit wys Jesaja 55 in sy dele aan ons. Vers 1 en 2 wys hoe alles net genade is. Alleen deur genade kon ons Nagmaal vier. Verse 3-5 vestig ons aandag op die feit dat dit alleen deur Jesus Christus kon wees wat ons Nagmaal kon vier. Verse 6-9 wys die Nagmaalviering moes alleen deur die geloof plaasvind. Verse 10-11 is met God se Woord besig. Alleen deur die Woord kan ons Nagmaal vier, alleen deur die Woord moet ons môre en die lewe wat kom weer aanpak. En dan vers 12-13 wys so duidelik daarop- Aan God alleen die eer!

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 1 en 2
Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos van der Merwe
Diakens: André Koen

Volgende Sondag (02/03) – Wyke 4 en 5
Ouderlinge: Steve Joubert en Frik Eloff
Diakens: Wynand Du Venage

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Gerrit Riphagen se broer is verlede week in die Kaap (Melkbosstrand) oorlede. In die week sal daar ook 'n troosdiens in Johannesburg wees. Aan br Rippie en sr Petro en familie ons meegevoel en die troos van die Heilige Gees julle toegebid. **Sr Ciska Odendaal** van Hibiskus wyk se gesondheid het baie agteruitgegaan. Sy word opgeneem vir verdere toetse en ondersoeke. Ons gebed is dat sy hierin gehelp mag word. **Sr Muriel Erasmus** wat terugslag in haar gesondheid gehad word in ons gebede vasgehou. **Br Dries de Ridder** se gesondheid wat groot terugslae gehad het word aan die genadetroon van die Here opgedra. Daar is baie liters vog van sy longe afgetrek. B**r Kallie Tromp** is 'n gedeelte van sy groottoon geamputeer. Ons vertrou dat dit nou mag genees en geen verdere ingrype nodig sal wees nie. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

KOSTER-AFLOS

Soos u seker reeds kon agterkom br. Flip Minnaar, ons koster is op verlof. Br. Lukas Huisman staan vir hom in. As daar enige sake is wat reëlings rondom die koster aangaan kan u br. Lukas kontak (0722449467)

SUSTER SAAMTREK 2014

Dit is al weer sulke tyd! Vanjaar se saamtrek van susters vind DV op 8 Maart 2014 plaas. Dit word aangebied deur die Gerf kerk Lyttelton. Die spreker sal wees Hettie Britz, plek is NG Kerk Raslouw Eldoraigne. Koste is R100 per persoon. Kontak sr Christine om u name op te gee vir almal wat graag die saamtrek die jaar wil bywoon.

ETE NA NAGMAAL

Ons reëlings vir ons gemeente-ete met Nagmaal werk weer soos verlede jaar. Met ons eerste ete vir die jaar is die spyskaart koue vleise, slaaie, broodjies en konfyt

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Emeritaats-fonds Intand-houding
02/03/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
23/02	Nagmaal en Nabetragting
25/02	Deputate vergd - samewerking met VGKSA
11/03	Finans– en Adviesvergd
13/03	Kerkraadsvergd
28/03	Skole sluit

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn.

Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

HARTKLOP-FEES

Dit vind DV op 15 Maart 2014 plaas, ten bate van die Pres Kruger Kinderhuis. Alle inligting is op kennisgewingbord. Kaartjie is by *itickets* beskikbaar. U kan ook met sr Retha v/d Merwe hieroor praat. Ons kan in hierdie kinders se lewens 'n verskil maak!

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 10

10:38-39, kruis – Die woord geld vir enige beproewing wat Christene moet deurgaan. Offerbereidheid word ge-eis. Die wat hulle so totaal aan die HERE oorgee, sal die lewe vind.

10:40-42 – Nadat Jesus gepraat het oor die beproewings wat gelowiges mag tref, bring Hy verdere troos. By die bring van die Evangelie gee Hy dan woorde wat die verkondigers eintlik teenoor die mense kan gebruik wat die Woord ontvang: Dat hulle nie bloot mense nie, maar God Self in hulle huise en lewens ontvang.

Regverdiges – Omdat hulle aan die HERE gehoorsaam is, moet hulle gasvry ontvang word (3 Joh 8).

Hierdie gasvryheid sal Christus uit genade beloon.

MATTHEüS 11

Jesus oor Johannes die Doper

11:1, preek – Hoewel Jesus reeds heelwat wonders gedoen het, is daar steeds baie klem op Sy preekwerk.

11:2, gevangenis – Dat Johannes die Doper laat navraag **oor Jesus se werk**, moet beteken dat die Heilige Gees nie daaroor verdere openbaringe gegee het nie. Gevolg-lik sou hy wonder waarom die Here hom nie kom verlos uit die gevangenis nie – hy hoor dan van al die wonders.

11:3, `n ander een – Moontlik het Johannes se dissipels hierdie deel van die vraag op hulle eie gestel. Hulle verstaan nie die wyse waarop die Koning werk nie. Sy getroue voorloper is dan die heidense Herodus se prisonier. Hulle het ook moontlik nie Johannes se eie doel met die navraag verstaan nie.

11:4-5, Gaan vertel – Jesus gee geen selfverdediging nie, maar verwys net na die heerlikheid wat Hy openbaar. Hoewel Hy nie direk Jesaja aanhaal nie, sal Johannes die vervulling van die profeet se woorde sien. Nie uiterlike dinge nie, maar die innerlike ver-andering van mense is belangrik.

11:5, armes – *Oor die diakens skryf Totius, met verwysing na onder andere hierdie vers: ". . . maar wie anders as die diaken sal die gemeente prikkel tot die versorging van die weduwee en die wees ? `n Versorging wat so hoog nodig is, omdat die gemeente van Christus saamgestel was uit die armes van die wêreld." Sien ook 1 Kor 12:26; Jak 2:5. In Joh 12:8 hoor ons Jesus sê dat ons die armes altyd by ons sal hê. Daardeur word ons liefde beproef en gekeur en openbaar.*

Deut 15:11 is ook belangrik: "Die armes sal in die land nie ontbreek nie; daarom gee Ek jou bevel en sê: Jy moet jou hand wyd wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en die arme in jou land." Die ***gemeente*** *moet ook* ***`n hart*** *hê. Alles is genade, en net die "arme van gees" kan dit verstaan – hy wat weet dat hy self behoeftig is, "nooddruftig, ellendig in sy hele bestaan voor God en mens."*

11:6, salig . . . nie aanstoot neem nie – Hierdie woorde is nie net bedoel om Johannes rus te gee nie, maar vir alle gelowiges van alle tye.

11:7 – Hierdie vraag word gestel om die mense aan die dink te sit oor Jesus se werk, maar die Here begin by Johannes. Die mense moet hulle twee se werk vergelyk, maar ook Johannes se plek in die verloop van dinge verstaan.

`n riet – Johannes moes die krag van die Evangelie al toon. Hy het nie geswig voor mense nie. Hy het die Fariseërs aangevat oor hulle vervalste godsdiens, en vat selfs koning Herodus aan.

**11:8-9, `n profeet –** As Johannes in die owerhede se diens gestaan het, sou hy beslis `n hofdienaar se weelderige klere gedra het. Maar hy het in teendeel herinner aan sy voorloper in die geloof, aan wie hy self herinner het, Elia: Growwe klere gedra en van die veld gelewe. Hy was nie in mense se diens nie, maar `n dienaar van God, wat nie vir wêreldse swier gekom het nie.

**11:9. meer as `n profeet –** Waar die profete soms net vaagweg die toekoms kon sien en die Gesalfde se koms aankondig, was Johannes die werklike herout van die Koning van alle konings. Meer as net `n profeet. Hy kon Jesus Self aanwys: "Daar is die Lam van God !"

11:10, boodskapper – Johannes is die herout wie se koms in Mal 3:1aangekondig is, en hy is die "profeet Elia" van Mal 4:5 – een soos Elia. Daarmee verklaar Jesus Homself as God, wat na Sy Tempel sou kom (Mal 3:1).

11:11, groter – Johannes staan as herout in `n posisie selfs hoër as die grootste ou profete. Tog kon hy nie die volle vervulling van die profesieë sien nie, dus is die nederigste Christen weer meer bevoorreg as wat Johannes was. Hulle sou die volle Openbaring ontvang en die blydskap daarvan ken.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

12 Feb. 1972– Dr. AD Keet oorlede; *13 Feb. 1858*– ZAR se eie grondwet, vlag en wapen amptelik in gebruik geneem; *14 Feb. 1687*– Eerste hoeksteen van die NG kerk Stellenbosch word gelê; *16 Feb. 1905*– Die Teol. Skool word van Burgersdorp na Potchefstroom verskuif; ; *16 Feb. 1838*– Dr. Arnoldus Pannevis gebore; *16 Feb. 1915*– Geboortedag van Elizabeth Eybers; *18 Feb. 1546*– Martin Luther oorlede; *21 Feb. 1877*– JD du Toit (Totius) gebore ; *22 Feb. 1857*– Grasdak kerk waaraan Kerkplein in Pretoria sy neem ontleen word in gebruik geneem ; *25 Feb. 1895*– Groenkloof natuurreservaat buite Pretoria deur Paul Kruger geproklameer in besondre om oribi te beskerm. Eerste amptelike wildreservaat in SA; *26 Feb. 1876*– Genootskap van Regte Afrikaners proklameer beginsels vir Afrikaanse Taal; *27 Feb. 1881*– Slag van Amajuba vind plaas; *28 Feb. 2000*– Betsie Verwoerd oorlede; *1 Mrt. 1797*– Voortrekkerleier Gerrit Maritz gebore; *1 Mrt. 1878*– Dr. AG Visser gebore